

## **Tema: Hoe weet ons dis die Koninkryk van God?**

### **Skrifvoorlesing: Markus 4:21-34**

Ons Here Jesus het **met drie gelykenisse drie belangrike beginsels** van die Koninkryk van God duidelik gemaak. Hiermee het Hy die dissipels geleer om met die regte ingesteldheid die Koninkryk van God te verkondig. Ons (die kerk) het steeds dieselfde taak, want as uitgestuurdes van Christus bestaan ons nie net ter wille van ons eie voortbestaan nie, maar ter wille van die Koninkryk van God.

Die drie gelykenis wat Hy gemaak het **volg op die gelykenis van die saaiër**. Dit veronderstel dus dat ons reeds weet en glo hoe ons die boodskap van die Koninkryk in ons harte moet ontvang. Wat nou volg is dan veral van toepassing op die verdere verspreiding van die Woord wat ons ontvang het.

#### **1. Dis soos 'n lig op 'n staander (Mark 4:21-25)**

God wil nie sy Koninkryk geheim hou nie. Hy maak dit bekend en verwag van ons wat in Hom glo om dieselfde te doen. Alles wat ons van Hom hoor en ontvang is bedoel om uitgedeel en meegedeel te word aan die wat dit nie het of nog nie gehoor het nie. Hoe meer jy uitdeel, hoe meer ontvang jy. So groei God se Koninkryk en so groei jyself ook. Wie dit egter net vir homself hou sal vind dat dit van hom weggeneem word.

Die Here rig een waarskuwing: *“Pas op wat julle hoor...”*(v 24) Juis omdat dit wat ek aan ander oordra so belangrik is moet ek dubbeld seker maak **WAT** ekself ontvang. Dis soos 'n verwagte vrou wat ter wille van haar baba goed let op wat sy inneem.

#### **2. Dis soos saad in die grond (Mark 4:26-29)**

Wanneer ek dit wat ek van God ontvang het aan ander oorgedra het moet ek dit hanteer soos saad wat in die grond gesaai is. Dis wat Jesus gedoen het. Die ontkieming van die saad, die uitspruit (sigbaar word van die groei) en die uiteindelijke vrug (die vrugbare lewe binne die Koninkryk van God) is en bly 'n Godswonder. Die tyd waarop die oes ingesamel word bly die Vader se besluit.

Die rol wat ons menslike saaiers vervul: *“...en hy gaan slaap en staan op, nag en dag...”*(v 27). Dit beteken nie dat daar geen nasorg moet wees nie. Paulus skryf immers: *“Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.”*(1 Kor 3:6) Ons **VERTROU**E moet nie wees op menslike insette nie, maar op God wat laat groei. Juis daarom kan ons dag en nag voortgaan om te saai en te rus.

#### **3. Dis soos 'n mostertsaad (Mark 4:30-34)**

Die geskiedenis van God se koninkryk bewys dit. Van die enkele koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het (Jesus, die Seun van God) het intussen 'n magtige, talryke

koninkryk uitgegroeï. Miljoene en miljoene het al reeds hulle toevlug tot hierdie Koninkryk geneem deur hulle aan die ewige Koning te onderwerp.

Die beginsel bly dieselfde en ons mag dit nie verander nie. Die Here leer ons om vandag nog sy **KLEIN BEGIN** raak te sien en te hoor. Ons kan maklik mislei word deur wêreldse grootdoenerigheid. Juis daarom wil die Heilige Gees ons oog reg laat kyk om God se groot dade ook in klein dinge raak te sien en hom daarvoor te dank.